

# Dinsdag 20 April

Skrifgedeelte: Filippense 4:10-23

Fokusgedeelte: Filippense 4:17

## Gee jou gawes

Vreugde in die Here vind dikwels gestalte in ons verhouding met medegelowiges. Die Here het ons nie gemaak om elkeen op ons eie eiland te lewe nie. Onthou jy nog die hele saak rondom “sosiale afstand”? Ons kan nie sosiale afstand hou nie, ons is eenvoudig nie so geskape nie. Fisiese afstand kan dalk nog, maar nie sosiale afstand nie ...

Paulus skryf in 4:10 hy was baie bly in die Here. Hoekom? Omdat die gemeente aan hom gedink het. Ons verhouding met ons medegelowiges is onlosmaaklik verbind aan ons verhouding met ons Vader. Ons is immers mekaar se broers en susters! Bely ons dit nie juis met elke Nagmaal nie?

Paulus se vreugde is in die Here, en die manier hoe dit vergestaltung vind, is deur die gemeente wat hom bystaan in sy nood. Al ooit daaraan gedink dat jy instrumenteel kan wees in iemand anders se vreugde in die Here? Dat jou oproep, jou bemoediging, jou uitreik na iemand anders hulle 'n vreugde in die Here kan gee?

Die Here gee vir ons gawes, sodat ons dit kan gee (vgl. 4:17). Die gemeente in Filippi het dit gedoen. Hulle gawe vir Paulus was 'n offer met 'n lieflike geur, vir God aanneemlik en welgevallig (4:18).

Hoe kan ek en jy vandag lewende offers wees tot iemand anders se vreugde in die Here? Hoe kan ons ons gawes gebruik, sodat iemand anders soos Paulus kan sê: Aan ons God en Vader behoort die heerlijkheid tot in alle ewigheid! Amen (4:20).

*Sing: Skrifberyming 12-4:1, 3*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*